

News

Die Week In Middelburg Erfenis – 6 Julie 2026

Luitenant Rainy Anderson – Soldaat met twee grafte!

🕒 July 06, 2026 👤 Theo Ligthelm 📖 6 minutes read



📷 WAARSKYNLIK 'N MILITÊRE BEGRAFNIS IN DIE MIDDELBURG-WES BEGRAAFPLAAS TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG – LET OP DIE MILITÊRE KAMP TEEN DIE WESTELIKE KOPPIES EN DIE GEPAKTE INSKRIPSIE TEEN DIE KOPPIE (FOTO: ROSE ANTROBUS – LAVER VERSAMELING – FOTO KI GERESTOUREER EN GEKLEUR)

Een van die mees indrukwekkende oorlogsgrafte in die Middelburg-Wes (Ou Begraafplaas) is die van Lt. Rainy Anderson, maar ook 'n graf met 'n interessante stertjie!

Vir vele besoekers het die praalgraf, met sy besondere regalia, laat wonder of 'n belangrike generaal uit die Anglo-Boereoorlog daar begrawe lê. Wie was Rainy Anderson, wat Woensdag presies 125 jaar gelede hier oorlede is?

Biografiese data

Rainy Anderson, gebore 3 September 1873, was die enigste seun van dr James Rainy Anderson 'n staf-chirurg in die Royal Navy en Susannah Anderson (née Bucklee), ten tye gestasioneer in Frankryk. Hy gaan skool aan die Neuenheim College en die Dr Northcott skool in Ealing.

Op sy 16e verjaardag word hy toegelaat tot die Royal Military Academy in Woolwich en ontvang sy kommissie as offisier in die Fortress Company, 26th Company, Royal Engineers in Februarie 1892 en word November 1895 bevorder tot luitenant. Hy word beskryf as lief vir sport en 'n goeie spreker. Hy dien in Chatham, Portsmouth, Ceylon en Plymouth.



Foto 1: Reliëf van Lt. Rainy Anderson in die St. Peters Katedraal in London (Foto: Webwerf)




Foto 2: Geboortesertifikaat van Rainy Anderson – sy ouers was in Frankryk gestasioneer tydens sy geboorte (Foto: Find a Grave)

Rol in die Anglo-Boereoorlog

Hy vertrek op 27 Oktober 1899 na Suid-Afrika, 20 dae na die Britse Leer opdrag ontvang het om te mobiliseer. Hy dien onder generaal majoor Sir John French en generaal majoor Sir Charles Tucker, in die aanmars na Bloemfontein en daarna Pretoria. In die periode is hy in beheer van elektriese beligting.

Na die val van Pretoria word hy toegedeel tot brigadier Generaal Stuart Brownlow Beatson se kolomme as die waarnemende inligtings-offisier. Beatson was 'n gerespekteerde kavallerie offisier van die Indiese Leër met streng dissipline. Hy is teenwoordig by verskeie operasies in die Hoëveld.

Op 6 Julie 1901 rapporteer die inligtings-offisier (waarskynlik Lt. Anderson) dat daar 'n mag van ongeveer 200 man onder bevel van kaptein Jack Hindon ontplooi is by Mooiplaats (191) en die kommando's van generaal Muller, kommandant Trichard en Veldkornet Vercueil, noord van Middelburg.

Foto 3: Inskrywing in Brig Genl. Beatson se Joernaal oor Kmdt. Trichard se laer (Foto: Tian Schutte)

Die Britte het inligting rapporteer dat kommandant Stephanus Trichard se laer by Buffelspoort (198), sowat 40 kilometer noord van Middelburg is. Beatson besluit om 'n verrassingsaanval op die laer te doen. Op 7 Julie 1901 begin die kolom met 'n opmars uit Middelburg, kamp die nag by Keerom, en trek die volgende dag verder.

Op 9 Julie 1901 raak die Britte eers slaags met die Hindon verkenners en Lt. Anderson se perd word onder hom geskiet in 'n operasie teen die verkenners. In die aanval op die laer, spat die Boere uitmekaar en ontsnap deur 'n kloof na Avontuur (134) en dan na Roodepoort (78). In die voorval word Lt. Anderson se optrede beskryf as "he behaved with great gallantry, and owing to his dash a large capture of arms and ammunition was made".

Foto 4: Inskrywing in Joernaal oor aanval op 9 Julie 1901 en die buit (Foto: Tian Schutte)

Drie burgers word krygsgevangene geneem, en waens en vee gebuit.

Die Slag van Wilmansrust, as aanloop tot Rainy se verwonding

Op 11 Junie 1901 slaan die 5th Victorian Mounted Rifles, 'n Australiese koloniale eenheid, onder bevel van majoor CJU Morris, kamp op by Wilmansrust, suid-oos van Middelburg. Die nag bekruip generaal Chris Muller met ongeveer 120 burgers van die Middelburg-Kommando, met die plaaseienaar as gids, die kamp. Hulle val die slapende kamp aan en 15 Australiërs sneuwel, 42 word gewond en majoor Morris moet oorgee voor hy enige weerstand kan organiseer. Die Boere buit twee pom-pom kanonne, 250 perde en wapens en ammunisie. Generaal Muller val terug met die kanonne na Middelburg en trek met sy mag noord in die rigting van die huidige Loskopdam. Beatson laat tree al die oorlewende Australiërs aan en verskree hulle as “fat-arsed, pot-bellied, round-shouldered lot of wasters and white livered curs”. Dit lei tot 'n munitery tussen die troepe en 'n ernstige internasionale insident tussen die Britte en die nuwe Australiese Federale regering.

Verwonding en dood

Die Beatson kolom probeer nou genl. Muller inhaal om die gebuite pom-pom kanonne te probeer terug neem.

Op 10 Julie 1901 is Lt. Anderson as deel van 'n voorhoede kolom betrokke in 'n geveg by Zeekoegat (naby die huidige Loskopdam) en word dodelik gewond. Die skermutseling was met die agterhoede van genl. Muller se mag, wat besig was om noord te onttrek. Die Britse kolom keer terug na hulle kamp by Doornkop en hy sterf op 11 Julie 1901 aan sy wonde. Hy was 27 jaar oud. Genl. Beatson noem dat hy “deeply regretted his loss” en hy word beskryf as “he rendered good service – none more gallant than he”. Hy word “mentioned in dispatches” deur Lord Horatio Kitchener op 23 Junie 1902 in die London Gazette.

Foto 5: Generaal Majoor SB Beatson (Foto: Schutte 2019) Foto 6: Generaal Chris Muller (Foto: Muller 2002)

Foto 7: Jeppe Kaart uit die periode met posisies aangedui

Foto 8: Genl. Beatson se joernaal waarin Lt. Anderson se verwonding op 10 Julie vermeld word (Foto: Tian Schutte)

Foto 9: Jackson kaart uit periode dui hoofpad in rooi oor Zeekoegat aan (Kaart: Tian Schutte)

Volgens die amptelike verslag is hy begrawe in die Middelburg Wes-begraafplaas.

Foto 10: Waarskynlik 'n Militêre Begrafnis in die Middelburg-Wes Begraafplaas tydens die Anglo-Boereoorlog – Let op die Militêre kamp teen die westelike koppies en die gepakte inskripsie teen die koppie (Foto: Rose Antrobus – Laver Versameling – Foto KI Gerestoureer en Gekleur)

Met sy dood was sy vader waarskynlik oorlede, aangesien die verslag net meld dat sy moeder in kennis gestel is en word daar later na haar as mev. Darling-Barker verwys. Sy laat rig 'n baie indrukwekkende grafsteen op, op die graf van haar enigste seun. Die graf het 'n marmer blad, rus op 'n graniet blok, met 'n helm en swaard uit marmer op die blad. Die graf en die twee naasliggende grafte is omring deur 'n gietyster

raamwerk. Die piek en wapen van die helmet is ongelukkig geplunder en die swaard se handvatsel gesteel, as ook die reliëf van Lt. Anderson wat in die los plaak gemonteer was.

Foto 11: Lt. Anderson se graf

Daar word ook 'n gedenksteen vir hom aangebring in die kelder (crypt) van St. Pauls Katedraal in London op 6 Januarie 1902.

Foto 12: Plaket vir Lt. Rainy Anderson in St. Pauls Katedraal in London (Foto: Webwerf)

Foto 13: Plakket vir Rainey Anderson in die Memorial Chappel, Sandhurst (Foto: Find a Grave)

Foto 14: Britse Imperiale Grafte in die Middelburg-Wes Begraafplaas circa 1945 – Die omheining om Lt. Anderson se graf is net sigbaar aan die regterkant. Let op die geveerde klippe om die grafte – dit is later verwyder (Foto: Rose Antrobus – Laver Versameling – Foto KI Gerestoureer en Gekleur)

Foto 15: Herdenkingsplegtigheid by die Britse Imperiale Oorlogsgrafte in Middelburg-Wes begraafplaas Op Paas-Sondag circa 1945 net oos van Lt. Anderson se graf – Let op die Trap-Orrel en die Girl Guides in die voorgrond (Foto: Rose Antrobus – Laver Versameling – Foto KI Gerestoureer en Gekleur)

Tweede Graf

Dan kom die eienaardige stert! Bo-op die berge op die plaas De Voetpadkloof by Kranspoort is ook 'n graf vir Lt R. Anderson van die Royal Engineers wat op 11 Julie 1901 oorlede is aan wonde wat hy by Zeekoeigat opgedoen het. Hy was 27 jaar oud! Plaaslike inwoners vertel dat daar 'n vrou van oorsee elke ongeveer vyf jaar gekom het, die graf skoongemaak het en blomme op hierdie graf geplaas het! Alhoewel rekords aandui dat hy op Zeekoegat gewond is, is die twee plase aangrensend en dit is moontlik dat die skermutseling op Voetpadkloof plaasgevind het.

Foto 16: Die Tweede graf vir Lt. R Anderson op De Voetpadskloof (Foto: Rudi van Wyk)

Interessant dat die twee grafte aan weerskante van Lt. Anderson in die Ou Begraafplaas, Sgt Tpr T Burnett wat op 12 Julie 1901 en Pvt H Childs wat op 14 Julie 1901 in Middelburg oorlede is, beide in presies dieselfde periode. Dit sou sin maak dat as Lt. Anderson by Doornkop gesterf het op 11 Julie, hy 'n dag of twee later in Middelburg begrawe is omdat die liggaam eers afgevoer moes word. So hierdie graf is dus onwaarskynlik 'n herbegraving vanaf De Voetpadkloof as gevolg van die datums.

Is die indrukwekkende grafsteen in die Middelburg-Wes begraafplaas die werklike graf en die steen op De Voetpadkloof bloot 'n grafmonument vir Lt. Anderson op die plek waar hy verwond is, of is hy dalk werklik op De

Voetpads kloof begrawe?

Hoekom twee grafte vir dieselfde persoon? Niemand weet nie!

'n Jong man met 'n blink toekoms, enigste kind, sterf 125 jaar gelede in 'n Imperiale konflik!

Bibliografie beskikbaar vanaf die Outeur



At Caxton, every story is written by humans. We use AI only to perform quality checks - never to generate the news. Happy reading!

Support local journalism

Add The Citizen as a preferred source to see more from Middelburg Observer in Google News and Top Stories.



Add as a preferred source on Google



Follow on Google News

